Geagte Ds/proponent/emeritus

BETALING VAN DIE JAARLIKSE REGISTRASIEFOOIE AAN DIE ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD

Die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) wat ook verantwoordelik is vir die Algemene Bevoegdheidsraad (wat handel met gelegitimeerdes se bevoegdheid) kry dikwels navrae oor die betaling van die jaarlikse registrasiefooie.

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

Die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) is deur die Algemeen Sinode in 2011 in die lewe geroep om alle aangeleenthede wat gelegitimeerdes raak, te hanteer. Dit sluit in: die verlening van bevoegdheid, die ondersteuning om die bevoegdheid in stand te hou asook die administratiewe hantering van geleenthede waar leraars hulle bevoegdheid verloor.

Soos enige ander Taakspan van die Algemene Sinode, staan die ATP ook onder opsig en toesig van die Algemene Sinode. Verder het die ATP die verantwoordelikheid om sy taak en funksie na die beste van sy vermoë uit te voer aan die hand van sy goedgekeurde Reglement (vgl. Reglement 8).

Verder is die ATP gebonde aan sinodale besluite wat bindend is (vgl. Artikel 23) en moet die ATP uitvoering gee aan daardie besluite wat die werksaamhede en opdragte van die ATP raak. Verder is die ATP – en alle leraars – gebonde aan hierdie besluite asook die reglement wat dit bepaal.

Die betaling van die jaarlikse registrasiefooie word ook gereglementeer (Vgl. Reglement 11 punt 13.1)

Dit beteken dat elke gelegitimeerde self verantwoordelik is vir die betaling van die jaarlikse registrasiefooie. Die ATP het geen mandaat of opdrag van die Algemene Sinode om enige registrasiefooie te verminder of om enige gelegitimeerde daarvan vry te stel nie. Vir soverre as wat die bepaalde reglemente en besluite nie in hersiening geneem is nie, is dit bindend en moet gelegitimeerdes sorg dra dat hulle uitvoering gee aan sinodale besluite.

Dankie

Dr Dewyk Ungerer

Bestuurder: Algemene Taakspan Predikantesake
Algemene Sinode van die NG Kerk
Posbus 13528, Hatfield, Pretoria, 0028
Tel: +27 (12) 342 0092
Faks: +27 (12) 342 0380

E-Pos: dewyku@iafrica.com

bevoegdheid@ngkerk.org.za